

6 Augustus

Skrifgedeelte : Numeri 21:1-10; Johannes 3:1-21

Fokusgedeelte: Numeri 21:8-9; Johannes 3:14-15

Kyk gelowig op na Jesus vir redding

Na agt-en-dertig jaar in die woestyn sien Israel uiteindelik die beloofde land in die verte. Die Edomiete weier egter dat die volk deur hulle land trek en hulle moet weer die woestyn in. Die moeë, moedelose volk vaar uit teen Moses en as straf hieroor stuur die Here giftige slang onder die volk. Ons lees: “Die slang het die mense gepik en baie Israeliete het gesterf.” Moses tree in vir die volk en nou kry ons hierdie merkwaardige antwoord van die Here: “Maak ‘n beeld van ‘n giftige slang en sit dit op ‘n paal. Elkeen wat gepik is en daarna opkyk, sal lewe.” Dit lyk na ‘n nuttelose plan – om op te kyk na ‘n koperslang as jy sterwend is van slangbyt! ‘n Slang verteenwoordig tog die essensie van boosheid. God se verlossingswerk is dikwels ironies, maar altyd ‘n wonderwerk !

Eeue later is dit paasfees in Jerusalem. Jesus is ook onder die skare. Nikodemus sluip in die nag deur die donker stegies op soek na Jesus. Wanneer hy by Jesus kom, vind daar ‘n diepsinnige gesprek tussen hulle plaas. Jesus lei Nikodemus stap vir stap op die weg van die verlossing. Dan volg dié woorde vol goddelike misterie: “Moses het die slang in die woestyn hoog op ‘n paal gesit; so moet die Seun van die mens verhoog word, sodat elkeen wat in Hom glo, die ewige lewe kan hê.” Net soos Nikodemus kan jy en ek ook nie hierdie goddelike ironie begryp nie. Jesus, die heilige, die sondelose word voorgestel as ‘n slang! Hoekom? Omdat God Hom vir ons tot sonde gemaak het. Sy fisiese verhoring aan die kruis is in werklikheid sy diepste vernedering. Die pik van die giftige slang sit ingebed in hierdie verhaal.

As ons rondom ons kyk, sien ons ‘n hele mensheid wat sterf aan die gif van hierdie dodelike slang – die sonde. Die gif van die kwaad werk deur tot elke aspek van ons lewe – in ons huis, in ons huwelik, in ons verhouding tot ons medemens, in die kerk, in die staat, in die skool, in die tegnologie, in die kuns en kultuur en in ons ontspanning. Oral rondom ons en in ons kan hierdie dodelik slanggif gevind word!

Is daar ‘n reddingsmiddel? Ja, daar is! Die geloof in Jesus Christus. In Moses se tyd moes elkeen opkyk. Dit is ook wat ons vandag nog moet doen: Kyk op na ons verhoogde Heiland. As ons elke dag gelowig na Hom opkyk, sal ons nie sterwe nie, maar lewe tot in ewigheid.

Sing: Psalm 91:7 Ds NG Laubscher (Buffeldoorns)